**GELOOF, HOOP EN LIEFDE BY DIE KERK + HUIS + WÊRELD**

© Dieter de Bruin

**Inleiding**

Erediens en huisgeloof... hoe pas dit by mekaar by mekaar in in die proses van geloofsvorming? Dit is die vraag waaroor dit in hierdie onvolledige notas gaan.

**Definisies**

Waarmee werk ons? 'n Paar wegspringplekke:

- **Geloofsvorming** is 'n intensionele proses vir mense om in hulle verhouding met God te groei, dit het implikasies vir mense se lewensstyl asook mense se roeping en identiteit in God (Geloofsvorming Herontwerp).
- In 'n **huisgeloof-gerigte** gemeente, is die doel van elke bediening in die kerk om huise en gesinne toe te rus om die primêre plek te wees waar geloof gevorm en gekoester word (Holmen).
- Die **erediens** is die sentrale gebeurtenis in die lewe van die gemeente (Eredienshandleiding).

**'n Metaraamwerk vir geloofsvorming**

Die vrae (Hoekom?, Wat?, Hoe? en Waar?) van geloofsvorming kan beantwoord word om die verhouding tussen die erediens en huisgeloof te verhelder. Hierdie vrae kan in die breë beantwoord word met behulp vier konsepte uit die kader van die deugde-etiek. *Telos, Arete, Praksis, en Polis* (Van Buskirk, 2012) en so word daar ook 'n werksmodel vir geloofsvorming in die geheel geskets.

***Telos* (Hoekom)**

Die *telos* is die doel waarheen daar gestreef word. In die Aristoteliese denke, wat nou weer hoogbloei beleef in die groeiende navorsing van die Positiewe Sielkunde, is *geluk* (Seligman, 2011). Die telos vir die Christelike lewe kan op verskillende maniere geformuleer word. 'n Klassieke (gereformeerde!) formulering van die *telos* van die mens se lewe is die Westminster se kort kategismus:

Q. 1. What is the chief end of man? A. Man's chief end is to glorify God, and to enjoy him forever.

Geloofsvorming stel se "telos" is vir mense om in hulle verhouding met God te groei.

'n Belangrike klem wat ook in die NG kerk herontdek word, is die Trinitariese Soteriologie "...according to which humanity is saved by being incorporated into the Son's place in the divine life," (Schlesinger, 2017). (Verwys ook na: "Ontdek 'n Lewe in die Dans van die Drie-eenheid" van die Missionale Transformasie Taakspan)

*Hoekom volg ons 'n proses van geloofsvorming? Sodat mense die lewe wat hulle deel in die Drie-enige God kan ontdek en uitleef.*

***Arete* (Wat - Deugdelikheid)**

Hoe ontdek ons hierdie lewe in God? In geloofsvorming neem God altyd die inisiatief. God gebruik egter mense (ouers en ander gelowiges) om nuwe reisigers (kinders en jongmense) op sy pad in te lyf en tot lewenslange dissipelskap (Geloofsvorming Herontwerp).

Hoe word ons ingelyf op hierdie pad? Ons ontvang die gawes (deugde) van geloof, hoop en liefde. "Thomas Aquinas describes the three theological virtues as having God as their object and as the avenue through which followers of Christ participate in God's life," (Clifton-Soderstrom et al., 2014).

Om aan te sluit by Geloofsvorming Herontwerp se metafoor van 'n reis van dissipelskap, stel (Radcliffe, 2008) dit verskriklik mooi:

These are usually called the theological virtues. They are theological because they are a sharing in God's life. Faith, hope and charity are ways in which God makes his home in us, and we are at home in God. They are 'virtues' because they touch us with God's virtues, God's dynamic grace, making us strong for our journey to happiness in God.

'n Kort opsomming van die teologiese deugde: "- faith shows us the goal of human life, happiness with God; - hope reaches out towards it, - and love unites us to it" (Radcliffe, 2008).

*Wat is die inhoud van geloofsvorming? Die deugde van geloof, hoop en liefde wat ons as gawes ontdek en wat ons lewens versterk word.*

***Praksis* (Hoe)**

Hoe word geloof, hoop en liefde in ons ontdek en versterk? Van Buskirk (2012) skryf: "…virtue ethics accentuates the role of practices within particular communities; through praxis, members of a polis habituate character." Deur watter praktyke word geloof, hoop en liefde in ons lewens ontdek en versterk? Deur die komplekse interaksie tussen die praktyk van die Doop, Woordbediening, (Geloof) die Gebed die Eucharistie (Nagmaal) (Wainwright, 2014) (Radcliffe, 2008)

***Polis* (Waar - Gemeenskap)**

Waar word geloof, hoop en liefde in ons lewens ontdek en versterk? (Van Buskirk, 2012) skryf: "...virtue ethics emphasizes the role of the community in forming the character of its inhabitants. In traditional (Greek) virtue ethics, this community is the polis." In die taal van die deugde etiek kan mens van hierdie ruimtes praat as aspekte van die *polis* waarin deugdelike dissipels gevorm word.

Die gemeenskappe (ruimtes) waarin dissipels gevorm kan word, sou bv. gekonsepsualiseer kon word as Kerk + Huis (Holmen), maar ek vind die skema van die Kategese Taakspan nog meer nuttig: Huis, Gemeente, Portuur. Vir my doeleindes hier, pas ek hierdie model effe aan deur dit te formuleer as, Huis, *Erediens* i.p.v. Gemeente, Portuur en Daaglikse lewe (roeping).

**Geloofsvorming in die Erediens**

Die erediens dié plek is waar geloof, hoop en liefde gevorm word (Radcliffe, 2008): "It (die Eucharistiese-erediens) enacts the fundamental drama of all human existence. It forms us as people who believe, hope and have charity."

Die erediens kan gekonsepsualiseer word as 'n praktyk van praktyke en hierdie "afbakening" van die onderskeie praktyke kan op verskillende wyses geformuleer word. Vir ons doeleindes hier formuleer ons dit as: Kom byeen (Doop) en Luister na die W(w)oord, Bid vir mekaar (Diens van die gebede), Eet saam (Eucharistie).

***Geloof word ten nouste gekoppel aan die Doop en die verkondiging van die Woord***
Augustinus noem die doop die *sacramentum fidei* (Wainwright, 2014).

Wainright maak ook die belangrike punt dat die doop geloof as inhoud en as daad (kennis en vertroue!) bevestig. Hierdie geloof waarin daar gegroei word moet bely word en dit is veral in die kerk se geloof soos verwoord deur Nicea en die Apostolicom, veral verbind met die doop.

Die erediens en die doop begin met die woorde: "In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" - dit dui vir ons die doel van ons bestaan en ons tuiskoms aan, ons bely ons sondes as mense wat reeds vrygerspreek is, ons ontvang die bevestiging van ons eerbaarheid in God, ons luister na die verhaal van God waarin ons verhaal sin vind, die woordbediening en ons antwoord met 'n geloofsbelydenis.

In die erediens waar mens begin by die doopvont en die geloof waarin mens gedoop word bely as antwoord op die woord, word die geskenk en deug van geloof versterk.

***Die deug van hoop word versterk deur gebed***

Verbind die deug van hoop - veral in die Ons Vader gebed (Wainwright, 2014). Weereens stel Radcliffe (2008) dit mooi: "The first act of hope is to pray, and the greatest prayer is the cross when Christ entrusted everything into God's hands. loc 1749"

Daar is waarskynlik twee elemente waar die NG kerk sal moet aandag gee: die een is die tradisionele Pastorale gebed en die ander is die Gebed van Dank as 'n integrale deel van die liturgie. "Hope must, then, be found in the dialectic between lament and thanksgiving," (Clifton-Soderstrom et al., 2014). Deur vir ander te bid, hulle in die hande van God te plaas, word ons sin van gemeenskap ook versterk, en in ons klag oor mense se omstandighde word die vertroue ook in God geplaas, maar ons bring ook dank aan God vir die groot Verlossing in sy Seun. Die tradisionele Eucharistiese gebede is by uitstek geskik hiervoor.

***Die deug van liefde en die Nagmaal***

Die nagmaal is die Sacramentum Caritatus (BENEDICT XVI 2007).

Die deug van die liefde kan so opgesom word: "...the theological virtue by which we love God for God's own sake, above all else, and all others in God" (Mattison, 2008) (2003:loc. 638609).

Vir Balthasar (2004) is die viering van die Eucharistie 'n kontemplasie van liefde in liefde en dit is vanuit hierdie liefdevolle viering waarvan die kerk uitgestuur word om lief te hê: "...the celebration of the Eucharist is itself an anamnesis, which means that it is contemplation in love and the communion of love with love; and it is only from such a celebration that a Christian mission goes out into the world..." (2004).

Ook vanuit 'n deelnemende Calvinistiese perspektief, kan dit beklemtoon word dat vir Calvyn dit waar is dat die deelname aan die liggaam van Christus noodwendig 'n deelname in liefde beteken:

To participate in Christ, for Calvin, always involves a grateful fulfillment of the law of love, empowered by the life-giving Spirit. This participation takes place in the communal context of the church and its sacramental life, which is connected to an interrelated set of outwardly moving loves: mutual love in the church, love of neighbor, love of the needy, and love manifested through justice and equity in society (Billings, 2007).

Hierdie gedagte word ook mooi verwoord in die Eredienshandleiding van die NG Kerk. Die Nagmaal is die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar. Nie alleen word ons in die Nagmaal met Jesus se dood verbind nie, maar ook met sy lewe en is die opgestane Christus deur die Heilige Gees self by ons teenwoordig. Hierin lê die diepste geheim van en die grootste vreugde van die Nagmaal. Dit sluit ook gemeenskap met mekaar as lidmate van die een liggaam van Christus in aangesien dieselfde Gees wat ons oë vir Christus oopmaak, ook ons oë vir mekaar oopmaak en ons in *liefde met mekaar verbind* (my klem) (2010:98).

Die Nagmaal is ook die praktyk wat ons begeerte na God kultiveer en bevredig (Pickstock, 1997).

Die viering van die Nagmaal is ook 'n maaltyd wat tot 'n meerdere of mindere mate ook in kontinuïteit staan met ons praktyke om saam met mekaar te eet, en dis na hierdie praktyke waarheen ons nou keer.

**Huisgeloof**

In hierdie raamwerk is die band tussen kerk en huis nie in die eerste plek tussen die kategesemateriaal (hoe dit ook al geformuleer word) en die huis nie, maar tussen die *praktyk(e) van die erediens* en die praktyke wat aangemoedig word in huishoudings.

Natuurlik is daar ook ander praktyke wat ons vorm, maar hierdie praktyke vloei vanuit die erediens en vloei weer daarheen terug:

All Christian practices derive their meaning and function from their relation to the core practices associated with the corporate worship of the gathered community; particularly, practices related to

the Word, sacraments, and prayer. For example, the practice of hospitality finds its depth, direction, and meaning primarily in relation to the more basic practice of the celebration of the Eucharist.

The larger point here is simply that the whole subset of religious practices concerned with how people come to Christian faith, grow in that faith, and live it out find their proper grounding and orientation in the core constituting practices of the Word and sacraments (Mikoski, 2009).

Soos wat geloof, hoop en liefde gevorm word deur die praktyk van praktyke van die erediens, word dit op ’n analoë wyse by die huis gevorm word.

Die eenvoudige aanmoediging vir huisgeloof is dat mense by die huis:

- Saam eet met al die voordele wat dit in hou (Sweet, 2015).
- Saam bid
- Saam na die W(woord) luister.
  By Concordia is die aanmoediging dat mens hierdie drie praktyke kan kombineer rondom die hoofmaal van die dag. Dit gaan hoofsaaklik oor ’n ingesteldheid en ’n herinnering om telkens die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen luister, bid, en eet in die erediens en luister, bid en eet by die huis aan te dui en aan te moedig, byvoorbeeld: “Hier bring ons dank aan God vir hierdie maaltyd net soos ons vir die kos dankie sê voor ons eet by die huis,” ens.
  “Ons lees vanoggend ’n gedeelte uit die Bybel wat deur ’n Leesrooster vir die Kerk gegee is, so lees ons groot gedeeltes van die Bybel saam en word ons blootgestel aan die groot storie van God. Daar is ook sulke roosters wat julle by die huis kan gebruik om saam uit die Bybel te lees.”
  “Ons bid vandag vir Tannie Grietjie, miskien wil julle ook vir haar en miskien vir nog iemand bid as julle saam bid by die huis.” ens.
  “Ons gaan vanoggend Lectio divina…” ens.

**Portuurgroepe**

Die verband tussen portuurgeloof en die erediens lê weereens nie noodwendig in die behandeling van dieselfde inhoud nie, maar in die kontinuïteit van die praktyke.

Die huidige kategesemateriaal werk reeds tot ’n groot mate met ’n metaritme waarin die inhoud verpak word (Welkom, Wegspring, Wonder, Werksaam, Wegstuur, ens). Hierdie ritme kan tot ’n meer of minder eksplisiete wyse met dieselfde taal geformuleer word as die ritme van die erediens. Om nou net LP3 se voorbeeld te gebruik, kan mens die klassieke vier begewings van die erediens verwoord deur Welkom (Toetrede), Wonder (Woord) Werksaam (Tafel) en (Wegsending).

Volgens hierdie model, sal daar net eksplisiet voorsiening gemaak word vir ’n bediening van gasvryheid in die vorm van ’n broodjie, koekies, koeldrank en maaltyd ook vir die kinders en grootmense van die Sondagskool. Hierdie bediening van kos en drank is nie dan insindenteel nie, maar ’n absolute integrale deel van die model.

Ook in hierdie groep word daar gebid. (Daar kan dalk nog meer hieraan gewerk word - die vermoede bestaan dat hier tog nog meestal geopen en afgesluit word.)

En dan die wonderlike kreatiewe manier hoe daar gesprekke oor die Skrifte gefasiliteer word.

Daar sal ook baie meer aandag gegee moet word aan die omgewing waarin die gesprekke plaasvind. Hier, soos by die erediens, is daar ’n radikale bekering weg van die eksklusiewe kognitiewe model nodig. Sien in hierdie verband die werk van Smith (2009, 2001, 2013).

**Alledaagse geloof**

Hier kan daar voorsiening gemaak word vir die “individuele” lidmaat in haar konteks, by die skool werk, tuis, ens. Hier geld die aanmoediging tot dieselfde praktyke.

Daar kan vorme van gebed gekultiveer word (gebed van die hart, die gety-gebede, ens). Mense kan aangemoedig word om met ’n sekere ingesteldheid saam met mense in hulle daaglikse lewe te eet en koffie te drink. En dan veral praktyke om mense te leer om onderskeidend te lees (luisterend na die W(w) woord). Hier kan praktyke soos joernaal, geestelike begeleiding ook inkom. Die truuk is om uitnodigend te wees en eerder vir mense ’n ingesteldheid en hier en daar ’n klein verandering in ritme te gee vir hulle daaglikse lewe eerder as om nog laste op mense te plaas.

Frost (2015) se boekie, as mens dit ook in verband met die ander ruimtes lees, kan oulik in hierdie verband as ’n gespreksgenoot dien.

**Radikaal Ortodokse voorstelle**

Onderliggend aan hierdie gedagtes, lê daar ten minste 4 radikale veranderings wat in die NG kerk se praktyk sal moet plaasvind. Hier kan daar weereens nie elke punt beredeneer word nie, maar dit word maar blootgestel met die hoop dat dit verdere nadenke sal stimuleer.

**Die Nagmaal sal weer as ’n integrale deel van die erediens gevier moet word.**

Dit is die NG kerk se amptelike standpunt, maar as dit waar is dat die Nagmaal dié praktyk is wat die deug van liefde in ons kultiveer en die liefde dié deug is wat ons laat deel in die lewe van God, is dit ondenkbaar dat die viering van die Eucharsitie gerelegeer word tot een maal per kwartaal of maand, of vir ’n sekere “kontemplatiewe” styl van erediens. Dit is dié manier hoe ons geloofsvorming in die NG kerk kan herontwerp.

**Verskillende eredienste vir verskillende ouderdomme spiritualiteitstipes ens. moet hervorm word tot eredienste wat verwelkomend is van almal in ’n geografiese area.**
As dit waar is dat die erediens dié plek waar die deugde van geloof, hoop en liefde gevorm word dan moet die erediens daar wees vir kinders en ouer mense. Kinders beliggaam hierdie deugde op wonderlike wyses en bring ook hierdie deugde in volwassenes uit (Clifton-Soderstrom et al., 2014).

**Eredienste sal met vastevorm gebede, rituele ens. te werk moet gaan.**

Ons moet genees word van ons evangelikale allergieë vir herhaling. Dit gaan gepaard met die fisiese simboliese omgewing waarin eredienste plaasvind. Bring die vont, die tafel terug. Hier moet die werk van Smith weer gelees word.

**Die eenheid van die sakramentele inisiasie ritueel moet herstel word.**

Vir die bg. “bekerings” is daar geen amptelike “beletsel” nie, waarskynlik net implisiete teologiese en sielkundige weerstand. Oor hierdie aanpassing sal daar waarskynlik nog amptelike teologiese werk gedoen behoort te word en dit sal wonderlik wees as die werkgroep vir “belydenisaflegging” daaraan sal aandag gee. Hieroor word daar *iets* meer gesê, maar hoegenaamd nie genoeg om selfs ’n volledige inleiding op die gesprek te wees nie.

In die vroeë kerk was daar net een inisiasie ritueel in die gemeenskap van gelowiges (van der Merwe, 2009). Hierdie ritueel het die sakrament van die doop, die salwing asook die sakrament van die Nagmaal ingesluit. Vir verskillende redes het hierdie inisiasie ritueel oor tyd in die Westerse kerk van mekaar geskei geraak en in ons tradisie het dit neerslag gevind in die praktyk van die doop, ’n proses van kategese wat uitloop op belydenis van geloof, wat gevolg word deur toelating tot die sakrament van die nagmaal.

In die resente verlede het die belydenisaflegging nie meer gedien as ’n toelatingsvereiste tot deelname in die nagmaal nie, maar slegs geloof in Christus en ’n min of meer kennis van wat behels word in die Nagmaal. Hierdie posisie is nie houdbaar nie, want hier word geloof weer gereduseer tot ’n sekere kennis, en mens is nie seker wat presies hierdie kognitiewe kennis behels nie - volgens dieselfde logika kan mense wat tot ’n sterk mate kognitief gestremd is ook nie deelneem aan die Nagmaal nie.

Die uitnodiging is dat ons weer sal terugkeer na die teologies baie meer konsekwente praktyk waar volledige lidmaatskap wat bevestig word met die doop, en (herhaaldelik) bevestig word in die Nagmaal. Ek dink 'n mooi ontwikkeling in die denke van die NG kerk is om die tradisionele "belydenisaflegging te sien as 'n herbevestiging van geloof, maar ook bevestiging van die persoon in 'n spesifieke lewensoorgang wat ook gevier en bevestig kan word met ander lewensoorgange.

Die lacuna in die NG kerk se denke rondom belydenisaflegging is dat ons nog vaag en onseker (en individualisties) is rondom die eerste gebruik van die Nagmaal in die lewe van 'n gelowige. Die manier om dit te doen is soos die Oos-Ortodokse-tradisie om dit as deel van een ritueel te maak, soos dit ook bepleit suggereer word deur die Gereformeerde praktiese teoloog, Mikoski (2009).

Die lewensfase geloofsverbintenis en bevestiging soos bepleit in Geloofsvorming Herontwerp kan onverpoos ontwikkel en uitgebou word.

**Bronne bygetrek**


BENEDICT XVI, 2007. Sacramentum Caritatis.

Clifton-Soderstrom, M.A. & Bjorlin, D.D., 2014. Incorporating Children in Worship, Eugene: Cascade.

Frost, M., Surprise the World, Navpress.

Mattison, W.C.I., 2008. Introducing Moral Theology, Brazos Press.

Holmen, M., 2014. Kerk + Huis, Wellington: Jeugfokus.

Kategese Taakspan, 2015. Geloofsvorming herontwerp, Bybelkor.

Mikoski, G.S., 2009. Baptism and Christian Identity, Wm. B. Eerdmans Publishing. Pickstock, C., 1997. After Writing, Wiley-Blackwell.

Radcliffe, T., 2008. Why Go to Church? London: Continuum. Seligman, M.E.P., 2011. Flourish, Simon and Schuster.

Smith, J.K.A., 2009. Desiring the Kingdom: Worship, Worldview, and Cultural Formation, Grand Rapids: Baker Academic.

Smith, J.K.A., 2013. Imagining the Kingdom (Cultural Liturgies), Baker Books.

Smith, J.K.A., 2016. You are what you love, Brazos Press.

Sweet, L., 2015. From Tablet to Table, Colorado Springs: NavPress.

Van Buskirk, G.P., 2012. Eucharist as Habituative Practice in Wesleyan Virtue Ethics. Doxology A Journal of Worship, 29(0), pp.I.19–66–166.

Van der Merwe, J., 2009. Ontek die doop en geloofsbevestiging. In C. Wepener & J. Van der Merwe, eds. Ontdekkings in die erediens. Wellington: Lux Verbi.BM.

Wainwright, G., 2014. Faith, Hope, and Love, Waco: Baylor University Press.